# Bybel Emoji Speletjie 





**Vrae – Adam en Eva: Gen 3:1-23**

1. Wie was Eva se man gewees? (Adam)
2. Hoe het die slang vir Eva verlei om van die vrugte te eet? (Hy het haar laat twyfel aan dit wat God gesê het)
3. Wat was die straf vir hulle ongehoorsaamheid gewees? (Die Here het hulle weggestuur uit die Tuin uit – die aarde is vervloek, die vrou se man sal oor haar heers, die vrou sal met pyn kinders in die wêreld bring ens.)




**Vrae – Kain en Abel: Gen 4:1-9**

1. Wie was Kain en Abel se ma en pa gewees? (Adam en Eva)
2. Wat het Kain met Abel gedoen? (Hy het hom doodgemaak)
3. Hoekom het Kain vir Abel doodgemaak? (Hy was kwaad omdat die Here Abel se offer aanvaar het, maar nie syne nie)



Vermeerdering van die brode

**Vrae – Vermeerdering van die brode – Matt 14:13-21 / Matt 15:32-39**

1. Hoeveel keer het Jesus brode en visse vermeerder? (2 keer)
2. Wie in die Bybel het ook brode vermeerder? (Elisa – 2Kon 4:42-44)
3. Hoekom het Jesus vir die mense kos gegee? (Hy het hulle jammer gekry)



Dawid en Badseba

**Vrae – Dawid en Badseba – 2 Konings 11**

1. Waar het Dawid vir Badseba raakgesien? (Terwyl sy gebad het)
2. Wat het Dawid met haar man laat doen? (Op 'n plek in die oorlog laat sit waar hy gesterf het)
3. Wie was Dawid en Badseba se seun gewees? (Salomo)




Dawid en Goliat

**Vrae – Dawid en Goliat: 1 Samuel 17:31-57**


1. Hoekom het Dawid vir Goliat doodgemaak? (Hy het God beledig)
2. Waarmee het Dawid vir Goliat doodgemaak? (Met 'n klippie uit 'n slingervel)
3. God was baie lief vir Dawid gewees. Wat het Hy hom genoem? ('n Man na Sy hart)



Daniël se 3 vriende in die Vuuroond

**Vrae – Daniël se drie vriende in die vuuroond: Daniël 3**


1. Wie was Daniël se drie vriende gewees? (Sadrag; Mesag en Abednego)
2. Hoekom wou hulle nie voor die koning se beeld buig nie? (Hulle het hulle God wat hulle dien, en Hy kan hulle red as Hy wil)
3. Wat het met hulle in die vuuroond gebeur? (Hulle het niks oorgekom nie, God het 'n engel gestuur wat saam met hulle in die vuuroond was)



Daniël in die Leeukuil

**Vrae – Daniël in die leeukuil: Daniël 6**


1. Hoeveel keer op 'n dag het Daniël gebid? (drie keer)
2. Wat het met Daniël gebeur omdat hy God aanbid het? (Hy is in die leeukuil gegooi)
3. Wat het met Daniël in die leeukuil gebeur? (God het Sy engele gestuur om die leeus se bekke toe te sluit en Daniël het niks oorgekom nie)



Abraham wat Isak moet offer

**Vrae – Abraham wat Isak moet offer: Genesis 17:17 / Genesis 22**

1. Hoe oud was Abraham toe Isak gebore is? (100 jaar)
2. Hoe oud was Sarah toe Isak gebore is? (90 jaar)
3. Hoekom het God vir Abraham gevra om Isak te offer? (Om te weet of Abraham Hom dien)




**Vrae – Simson en Delila: Rigters 13:5 / Rigters 16:17 / Rigters 16:19**

1. Wat het die engel gesê mag Simson nie doen nie? (Sy hare afsny nie)
2. Waarin het Simson se groot krag gelê? (Sy hare - )
3. Wie het Simson se hare afgesny? (Delila)




**Vrae – Noag en die ark: Genesis 6:13-14 / Genesis 7:2 / Gensis 7:17**

1. Hoekom moes Noag 'n ark bou? (God wou 'n vloed stuur)
2. Hoeveel dae en nagte het dit gereën? (40 dae en 40 nagte)
3. Hoeveel diere moes Noag saamneem in die ark? (twee van elke soort)




**Vrae –Die geboorte van Jesus – Lukas 1:26-38 / Lukas 2:4-7**

1. Wie was Jesus se aardse pa en ma gewees? (Josef en Maria)
2. Hoe het Maria geweet sy gaan 'n baba hê? ('n Engel het dit vir haar kom sê)
3. Waar is Jesus gebore? (In 'n stal in Betlehem)



Koningin Ester

**Vrae – Koningin Ester: Ester 2:7 / Ester 4:16**

1. Wat as Ester se naam voordat sy Ester geword het? (Hadassa)
2. Hoe weet ons Ester was braaf gewees? (Sy het na die koning gegaan en kon doodgemaak geword het as hy haar nie laat roep het nie)
3. Wat het Ester gevra moet haar volk saam met haar doen voordat sy na die koning gaan? (vas – vir 3 dae en 3 nagte niks eet en drink nie)



Jona en die Vis

**Vrae – Jona en die vis: Jona 1:2 / Jona 1:17 / Jona 3:10**

1. Na watter stad moes Jona gaan? (Ninive)
2. Waar het Jona beland omdat hy nie wou gaan nie? (In 'n vis se maag)
3. Wat het die mense gedoen toe Jona hulle waarsku? (Hulle bekeer)



Moses en die brandende bos

**Vrae – Moses en die brandende bos: Eksodus 2:3 / Eksodus 3**

1. Waar het Moses se ma hom weggesteek? (In 'n mandjie)
2. Deur wat het God die eerste keer met Moses gepraat? ('n Brandende bos)
3. Wat wou God hê moes Moses vir Hom doen? (Die volk Israel uit Egipte lei)




**Vraag**: Noem drie van die 10 plae: Eksodus 7:14-12:30




**Vraag**: Noem drie van die 10 gebooie: Eksodus 20:1-17




**Vrae – Jesus verander water in wyn: Johannes 2:1-11**

1. Waar het Jesus die water in wyn verander? (By 'n bruilof in Kaänan)
2. Die hoeveelste wonderwerk is hierdie wat Jesus gedoen het? (Die eerste een)
3. Wie het vir Jesus gevra om die water in wyn te verander? (Sy ma – Maria)



Lasarus word uit die Dood opgewek

**Vrae – Lasarus word uit die dood opgewek: Johannes 11:1-44**

1. Wie was Lasarus se twee susters gewees? (Marta en Maria)
2. Hoe lank het Jesus gewag voordat Hy na Lasarus toe is? (4 dae)
3. Hoe weet ons Jesus was baie lief vir Lasarus gewees? (Jesus het gehuil oor hom)



Jerigo se Mure val

**Vrae – Jerigo se mure val: Josua 6:1-27**

1. Vir hoeveel dae moes die Israeliete om die Jerigo stap? (7 dae)
2. Hoeveel keer moes hulle op die laaste dag om die stad stap? (7 keer)
3. Wat het op die laaste dag gebeur? (Die mure van die stad het ingemaak geval)



Paasfees: Bloed aan die deurkosyne

**Vrae: Paasfee: Bloed aan die deurkosyne: Ekodus 12:29-51**

1. Wat was die laaste plaag gewees? (Dood van die eersgeborenes)
2. Wat moes die Israeliete doen sodat hierdie plaag hulle nie tref nie? (Hulle moes die bloed van 'n lammetjie aan hulle deurkoesyne smeer, en wanneer die doodsengel verbykom sou hy hulle huise nie tref nie)
3. Watter belangrike fees het God met hierdie plaag vir die Israeliete ingestel? (Paasfees)



Die Skepping

**Vrae: Die Skepping: Genesis 1-2**


1. Wat het God aan die begin geskep? (Die hemel en die aarde)
2. Hoe het God gevoel oor alles wat Hy gemaak het? (Dit was goed)
3. Hoeveel dae het dit God gevat om alles te maak? (6 dae)



Die Verlore Seun

**Vrae – Die Verlore Seun: Lukas 15:11-32**

1. Wat het hierdie seun vir sy pa gevra? (Om sy erfporsie vir hom te gee)
2. Het alles vir hierdie seun goed uitgedraai? (Nee, daar het 'n hongersnood gekom, hy was honger gewee en moes varke oppas)
3. Wat het die seun besluit om te doen? (Terug te gaan na sy Pa toe)



Jesus se Opstanding

**Vrae – Jesus se Opstanding: Lukas 24:1-12**

1. Na hoeveel dae het Jesus opgestaan? (3 dae)
2. Wie het vir die vroue gesê dat Jesus opgestaan het? ('n Engel)
3. Hoe het die vroue geweet dat dit is waar? (Die klip was weggerol, Jesus se liggaam was weg, die doeke waarin hy toedraai was het daar gelê)



Koning Salomo en die 2 vroue met die baba

**Vrae – Koning Salomo en die 2 vroue met die baba: 1 Konings 3:1-28**


1. Wie was koning Salomo se pa gewees? (Dawid)
2. Wat het Salomo van God gevra? (Wysheid)
3. Hoekom het Salomo gesê moet hulle die baba in twee sny? (Die regte ma sou dit nie toegelaat het nie)



Die vrou by die put

**Vrae – Die vrou by die put: Johannes 4:1-42**

1. Wat het Jesus vir die vrou by die put gevra om vir Hom te doen? (Vir hom water te gee)
2. Hoeveel mans het hierdie vrou al gehad? (5 mans)
3. Wat sê Jesus vir haar oor die water? (Dat sy met die water uit die put weer dors sal raak, maar die water wat Hy haar sal gee sal sy nooit weer dors word nie)



Saggeus


**Vrae – Saggeus: Luk 19:1-10**

1. Hoekom kon Saggeus nie vir Jesus sien nie? (Hy was te klein gewees)
2. Wat het hy gedoen om Jesus beter te kon sien? (In 'n boom geklim)
3. Wat het Saggeus besluit om te doen nadat hy 'n ontmoeting met Jesus gehad het? (Die helfte van sy goed vir die armes gee, en waar hy iemand afgepers het, gee hy dit vierdubbel terug)




**Vrae: Ragab help die spioene: Josua 2:1-15**

1. Hoeveel spioene (verkenners) het Josua na die land gestuur? (twee)
2. Wat het die spioene in die land gedoen? (Hulle het die land verken)
3. Hoe het Ragab die spioene gehelp? (Sy het hulle met 'n tou deur die venster laat afsak)




**Vrae: Biliam en die donkie: Numeri 22:22-35**

1. Wat het Billiam se donkie in die pad gesien? ('n Engel met 'n swaard)
2. Kon Billiam die engel met die swaard sien? (Nee)
3. Wat het God met die donkie gedoen sodat Billiam ook die engel kon sien? (God het die donkie laat praat, en Billiam se oë oopgemaak sodat hy ook die engel kon sien)




**Vrae – Josef: Genesis 37:3 / Genesis 37:22-28 /**

1. Hoekom het Josef se pa vir hom klere met lang moue gemaak? (Hy was vir hom die liefste gewees)
2. Wat het Josef se broers met hom gedoen? (Hom in 'n put gegooi en verkoop)
3. Wie was Josef se pa gewees? (Jakob)